



Metro

Noord Sport

Morris Gilbert

Die verdedigende Carlton-beker-kampioen, Quins-Bobbies (QBR), was die afgelope Saterdag op sy tuisveld vir die grootste verrassing in die eerste ronde van die tussen-provinsiale Superliga verantwoordelik.

QBR het Impala, wat voor dié nederlaag nog net teen UP-Tuks verloor het, oortuigend met 45-35 geklop in albei se spanne se laaste kragmeting in die eerste ronde.

Dié uitslag bring mee dat Impala die kans verbeur het om Naka Bulle verby te steek en tweede ná UP-Tuks (1ste met 35) op die puntelys ná die eerste ronde te eindig. Naka Bulle bly tweede met 28, gevolg deur Impala (26) en QBR in die vierde plek met 21 punte.

Impala sal aan die nederlaag teen QBR terugdink as een waar hy in die laaste 40 minute die kluts behoorlik kwytgeraak het.

Die rustydtekening was wel net 21-14 ten gunste van die tuispan, maar QBR het in die tweede helfte sy beste vertoning van die seisoen gelever.

Hy het op meesterlike wyse daarin geslaag om Impala se beproefde spelpatroon, waarmee hy Naka Bulle nog onlangs oorrumpel het, só uit rat te gooi dat die besoekers basiese foute begin maak het en keer op keer agter die voordeellyn vasgetrap is.

QBR het die pas tot so 'n mate aangegee dat hy met 45-21 voor was voordat Impala tot verhaal gekom en twee laat troosdrieë gedruk het.

As QBR op dié vertoning kan voortbou, hou hy 'n regstreekse bedreiging in vir Naka Bulle in wat in dié stadium die gunsteling is om die Blou Bulle in die nasionale Goue Beker-reeks te verteenwoordig. Die volhoubaarheid van die vyfsterrugby



Juan Nel, senter van QBR, maak rieme skoon doellyn toe vir een van sy span se sewe drieë teen Impala.

Foto: JOHANNA DE VOS

Impala en Quins laat die hare regop staan

waarmee Impala druiptert te-ruggestuur is Rustenburg toe, sal reeds Saterdag getoets word wanneer QBR weg teen Springs te staan kom.

In die eerste ronde het QBR oortuigend met Springs afgereken, maar sedertdien het die Oos-Randers al hoe beter begin speel.

As QBR egter bloot daarop fokus om te verbeter op dit wat teen Impala tot sewe drieë gelei

het, sal hy moeilik gestuit word.

UP-Tuks het die onbenydenswaardige taak om die tweede ronde met die wedstryd teen East Rand United (ERU) in die Boksburgse woonbuurt, Reigerpark, af te skop. Hoewel die pas-aangeër en enigste onoorwonne span in die reeks verspot maklik met ERU in die eerste ronde afgereken het, wag daar dié keer 'n veel moeiliker taak op hom. Op sy tuisveld, wat as

“Die Begraafplaas” bekendstaan, is ERU baie meer onvoorspelbaar en sal UP-Tuks sy beste voet ten opsigte van afronding en dissipline moet voorsit.

Centurion moet hom staal om in Rustenburg met 'n omgekrapte Impala te doene te kry. Die tuisspan se aansien as die Luiperds se Goue Beker-vlagskip het 'n groot knou weg met die nederlaag teen QBR en Impala sal alles in die stryd werp

om soos in die eerste ronde weer met Centurion af te reken.

Die besoekers kan egter baie moed skep uit die stewige vertoning wat hulle in hul laaste eersronwedstryd teen UP-Tuks gelever het.

Met Brakpan wat amptelik onttrek het, moes Naka ander planne beraam vir teenstanders vir die naweek. Naka speel nou Vrydagaand op sy tuisveld teen die Bulle se o.21-span.